Korrupsie & HEBSUG

'n Christelike Perspektief

"Hulle belowe vryheid aan hierdie mense, al is hulle self slawe van die verderf; want as iets jou in sy mag het, is jy sy slaaf." 2 Pet 2:19.

—deur Peter Hammond

Roofsugtige amptenare

Guest se gevolgtrekking: "Africans are poor largely because they are not yet free. They live under predatory, incompetent governments which… impoverish them in many ways: through corruption, through bad economic policies, and sometimes, as in Zimbabwe, by creating an atmosphere of terror…"

4

Die Afrika Unie bereken dat daar jaarliks meer as VS$148 miljoen deur die leiers in Afrika gesteel word. Dit beteken dus dat meer as 'n kwart van die kontinent se hele bruto binnelandse inkomste elke jaar as gevolg van korrupsie verlore gaan.

Die Wêreldbank berig dat 40% van Afrika se privaatrykdom elders aangetref word. Global Financial Integrity bereken dat Afrika meer as VS$900 miljard sedert 1970 verloor het. Dit is verreweg meer as die totale ontwikkelingshulp wat Afrika gedurende dieselfde tydperk van oorsese moondhede ontvang het. Meer as VS$300 miljard van die hulp uit die Weste is in Afrika gepomp, en tog is die meeste state feitlik bankrot, afgerem deur skuld en nie eers in staat om die minimum openbare dienste te lewer nie.

1

Handel, nie hulp nie

Die president van Rwanda, Paul Kagame, is 'n voorstaander van handel – en nie van hulp nie. Kagame is daarvan oortuig dat dit absoluut noodsaaklik is om Afrika se afhanklikheid van buitelandse hulp te staak aangesien buitelandse hulp net korrupsie bevorder. Korrupsie is die tweede hoogste heersende misdaad op die kontinent. Leiers behoort meer verantwoordbaar aan hulle belastingbetalers te wees; meer ouditeure is beslis nodig. Anti-korrupsie-hervormings is noodsaaklik. Omdat leiers meer as sewe keer die totale waarde van die buitelandse hulp wat in Afrika ingepomp word, steel, is dit baie duidelik dat die stuiting daarvan baie waardevoller vir die kontinent sal wees as wat buitelandse hulp ooit vir hierdie kontinent kan wees.

2

Steel by almal

Die meeste Afrika-lande het tans 'n laer per kapita-inkomste as wat hulle sedert onafhanklikheid gehad het. Meer as die helfte van die totale Afrika-bevolking leef op minder as VS$2 per dag. Nahu Ribadu, die voormalige hoof van Nigerië se teen-korrupsie-eenheid, het verklaar dat om korrupsie teen te werk die heel beste manier is om armoede te beveg. Die voorvereiste vir 'n effektiewe en doelmatige regering is om korrupsie hand en tand te beveg. Korrupsie verhoed dat die land tot volle potensiaal ontwikkel. Korrupsie beroof almal. Daar word bereken dat elk van ons ten minste 20% meer vir goedere en dienste betaal as gevolg van enorme korrupsie.



3

Korrupsie verarm

Korrupsie ontmoedig buitelandse belegging, striem ontwikkeling en verhoog die koste vir die verbruiker. Robert Guest, die Afrika-redakteur van 'The Economist' het die volgende in 'The Shackled Continent' genoem: "For half a century now, the continent has been deluged with aid, but this aid has failed to make the Africans any less poor… it has bankrolled tyrants… or idealists with hopeless economic policies…both types of aid have been wasted…doing business in Africa can be tricky. Bad roads, punctuated by roadblocks, manned by bribe hungry policemen, make it slow and costly to move goods, even short distances… local firms, meanwhile, have been held back by arbitrary government regularities, dysfunctional legal systems and the difficulty for those without political connections, of raising capital…if Africa was better governed, it would be richer."



6

Baie skandale

Die voormalige president van Krieket SA was in 'n korrupsiekrisis vasgevang. Die wapentransaksie van 1999 haal nog steeds die hoofopskrifte asook die reisskandaal en die misbruik van openbare fondse deur lede van die parlement. Die veroordeling van die voormalige nasionale polisiekommissaris (en voormalige hoof van Interpol), die polisiehoof wat op grond van die korrupsie-ondersoek teen hom geskors is en die verkeerspolisie wat vir die verkoop van onwettige lisensies ondersoek word, is almal voorbeelde van gewetenlose politici wat belastingbetalers se geld vermors sonder om daarvoor gestraf te word, van die armes te steel en dit alles in die naam van sogenaamde 'opheffing van armes.'

VS$5
MILJARD TERUGGEKRY
250
VEROORDELINGS

5

Een persoon kan 'n verskil maak

Nigerië se Ekonomiese en Finansiële Misdaadkommissie het onder Nahu Ribadu 250 veroordelings gemaak en meer as VS$5 miljard gesteelde openbare fondse teruggekry.

7

Steel van die armes

Die plaaslike koerante word weekliks deur skandale deur verkose beamptes en staatsdienswerkers se verregaande leefstyl en belaglike uitgawes oorval. En tog, ten spyte van die staat wat elke jaar meer as R600 biljoen in belastinggeld inwin, is daar nog elke jaar 'n tekort op die inkomste. Belastingbetalers wonder elke keer waar die geld heen verdwyn wanneer so baie skole sonder handboeke is, kinders in die buitelug onderrig word, hospitale 'n tekort aan medisyne het en hospitaalpasiënte honger ly omdat die staat nie die diensverskaffers betaal het nie.

8

Staatskas geplunder

Die ouditeur-generaal van Suid-Afrika het gerapporteer dat meer as R20 biljoen aan ongemagtigde uitgawes oor die afgelope jaar aan die lig gekom het. Slegs 3 van die 39 staatsdepartemente het skoon ouditverslae gekry. Die spesiale ondersoekeenheid het aangedui dat meer as R30 biljoen weens korrupsie verlore gegaan het. Die finansies van vyf provinsies in Suid-Afrika is in ernstige moeilikheid waarvan die provinsie Limpopo in elke opsig die topposisie beklee. Selfs met meer as R2 biljoen se oorbesteding, was dié provinsie nie in staat om dokters, verpleegsters, onderwysers, sosiale werkers en ander amptenare in die openbare sektor te betaal nie. »

Korrupsie & HEBSUG

'n Christelike Perspektief

"Hulle belowe vryheid aan hierdie mense, al is hulle self slawe van die verderf; want as iets jou in sy mag het, is jy sy slaaf." 2 Pet 2:19.

13 Wêreldwye korrupsie

Dit is egter nie net 'n probleem vir die wêreld nie. Patrick Johnstone van Operation World, berig in 'The Future of the Global Church' dat van die VS$390 miljard wat wêreldwyd aan Christen-sake geskenk is, is $25 miljard verduister.

Tot 20% van die wêreldwye Bruto Handelsproduk word aan omkopery spandeer, dit is meer as VS$1 biljoen per jaar. Tot 50% van alle hulp om lande te ontwikkel, word gesteel voordat dit nog enigsins die ontvangers kan bereik. Daar word beraam dat ongeveer VS$400 miljard deur korrupsie verlore gaan. 10% van die ganse mensdom word jaarliks geforseer om omkoopgeld te betaal.

$25 Miljard Verduister van Kerke

9 Diefstal deur inflasie

'n Opname van die inflasiekoers in Suid-Afrika (deur Old Mutual) het die volgende getoon: In 1971 kon jy 'n motor vir ongeveer R1 000 koop. In 1981 kon dieselfde bedrag slegs 'n motorfiets koop. Teen 2001 was die koopkrag van R1 000 so swak dat jy slegs 'n fiets vir die bedrag kon koop. Nou kos 'n goeie paar hardloopskoene al R1 000. *"...dat ons graanwinkels weer kan oopmaak en minder graan vir meer geld kan verkoop?[...]Julle verkoop arm mense vir geld...Ek sal nooit vergeet wat hulle gedoen het nie!"* Amos 8:5-7.

Die vernietigende effek van inflasie op pensioene en spaargeld is krimineel. Die Bybelse wet vereis dat ons eerlike mate gebruik – eerlike geld wat gerugsteun word deur die werklike konstante waarde (Spr 20:10). *"Moet Ek die eienaar van 'n onbetroubare weegskaal vryspreek..."* Miga 6:11-12.

10 Waarom korrupsie toeneem

"Omdat die verkeerde daad nie meteens gestraf word nie, hou mense eenvoudig aan om verkeerd te doen." Pred 8:11. Dit is tog baie duidelik die voor die hand liggende antwoord. Korrupsie in ons samelewing neem toe omdat die skurke nie vinnig en swaar genoeg gestraf word nie. God het die siviele regering daargestel as *"dienaar...dat hy die kwaaddoener moet straf."* Rom 13:4. Siviele regerings word opgeroep om God se geregtigheid te laat seëvier: *"…moet julle julle onderwerp aan elke menslike owerheid...wat dié wat kwaad doen, moet straf, maar dié wat goed doen, moet prys."* 1 Pet 2:13,14.

11 Restitusie

In geval van diefstal, brandstigting of kwaadwillige saakbeskadiging, vereis die Bybel restitusie – die herstel van dit wat van die eienaar gesteel is. Dit is vir die herstel van die skade wat gely is. Lees gerus in dié verband Eks 22:1-6.

12 Bankrot

Indien die provinsies handelsondernemings was, sou hulle insolvent verklaar en gelikwideer word ten einde hulle skuld te vereffen. Veels te veel politici sien die parlement as 'n geleentheid om hulleself ten koste van die publiek te verryk. Die skadelike mengsel van politiek, besigheid en hebsug saboteer ontwikkeling, ten koste van werksgeleenthede en dit erodeer die ekonomie.

14 Bankiers

Waarskynlik die grootste korrupsie en diefstal in die geskiedenis is deur bankiers geïnfiltreer wat die Groot Resessie van 2008 deur onetiese spekulasie en die verkoop van waardelose nabootsings tot gevolg gehad het. Dit het die VS-ekonomie meer as 135% van hulle Bruto Handelsproduk gekos. Die koste vir die Verenigde Koninkryk was meer as 149% van die totale Bruto Handelsproduk. Die enigste persone wat by die depressie wat deur die onverantwoordelike spekulatiewe borrel veroorsaak is, gebaat het, was die bankiers. *"Die Here 'n afsku van 'n skaal wat nie reg weeg nie; net die regte gewig dra Sy goedkeuring weg."* Spr 11:1.

Die koste van misdaad

Daar word beraam dat werknemersdiefstal vir ongeveer een derde van alle sakeondernemings wat elke jaar misluk, verantwoordelik is. En natuurlik, wanneer die sakeonderneming sy deure moet sluit, verloor die werknemers hulle werk en die gesinne ly daaronder. En tog word dit beraam dat ongeveer 50% van alle werknemers aan diefstal skuldig is.

Iemand moet uit die aard van die saak die koste van die diefstal dra. Ons, ek en jy, en alle ander kliënte, dra die skuldlas van die biljoene rande wat weens winkeldiefstal, diefstal deur werknemers of die verduistering deur staatsdiensamptenare verlore gaan. Ons moet verder ook nog betaal vir verhoogde versekeringspremies, bykomende sekuriteitspersoneel en -toerusting wat as gevolg van hierdie diefstal, benodig word. En dit word alles by die prys op die etiket gevoeg.

Ons betaal natuurlik ook vir die koste van misdaad deur ons belasting en die steun wat ons gee aan die polisiediens, die regstelsel en die gevangenisdiens wat almal veronderstel is om ons teen die kriminele elemente in die gemeenskap te beskerm.

15

16 Christen-integriteit

Ons word, as Christene, opgeroep om die hoogste integriteitstandaarde te handhaaf. Ons behoort nie korrupsie aan te spoor deur voor die druk van omkoopgeld, of die toekenning van kontrakte op grond van politieke verbintenisse te swig nie. Misdaad kan totaal uitgewis word indien ons, as Christene, volgens Bybelse standaarde leef.

'n Vriend in Zambië, Lawrence Temfwe, het in 'n bank gewerk en het oor 'n tydperk van 'n klompie jare, geld verduister. Toe hy uitgevang is, is hy tronk toe gestuur. Daar het hy tot bekering gekom en nadat hy sy straf uitgedien het, het hy weer werk gekry en al die geld wat hy van die bank gesteel het, terugbetaal. Niemand het enigiets van hom verwag nie. Lawrence het egter baie goed geweet dat die Bybel van hom verwag om restitusie te doen. Wat 'n wonderlike getuienis toe hy die bank terugbetaal het! Lawrence Temfwe het later die hoof van die tronkbediening in Zambië geword. ■

"…en moenie aanhou deelneem aan die nuttelose werke van die duisternis nie. Nee, ontmasker eerder hierdie werke…" Ef 5:11.

DR. PETER HAMMOND sendeling, outeur en konferensiespreker. E-pos mission@frontline.org.za, besoek www.frontline.org.za of skakel hom by 021 689 4480.

Vrees vir die Here is die begin van kennis. As Christene behoort ons ons naaste net soos onsself lief te hê. van eerlikheid, integriteit en moed te leef en op te staan vir diegene wat nie vir hulleself kan

"Wie beskerm my teen die goddeloses? Wie staan by my teen die boosdoeners? As die

Om aan ander te doen soos ons aan onsself gedoen wil hê. Ons behoort volgens Bybelse beginsels praat nie. Ons mag nie lieg, steel of kul nie – en ons mag dit ook nie van ander duld nie.

***Here my nie gehelp het nie, was die stilte van die graf my lot."* Ps 94:16-17**